

*OFFICE OF THE SECRETARY  
KANTOOR VAN DIE SEKRETARIS  
I-OFISI KANOBHALA*

Die Agb. Thembekile Richard Majola  
Speaker van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement

**VOORLEGGING VAN DIE JAARVERSLAG**

Ek lê met groot genoeë die jaarverslag van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement vir die boekjaar 2011/12 voor.

Neem asb. kennis dat daar kragtens artikel 65(1)(a) van die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies (Wet 1 van 1999) van u as die Uitvoerende Gesag van die Provinsiale Parlement vereis word om die verslag in die Provinsiale Parlement ter Tafel te lê.



Royston G. Hindley

**Sekretaris**

**31 Augustus 2012**

Skakel Royston Hindley asb. om bykomende afskrifte van hierdie dokument te verkry.

Adres: Provinsiale Wetgewer-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad  
Tel. 021 487 1621/2  
Faks 021 487 1623  
E-pos [Rhindley@wcpp.gov.za](mailto:Rhindley@wcpp.gov.za)  
Webwerf [www.wcpp.gov.za](http://www.wcpp.gov.za)

**PR 150/2012**

**ISBN: 987-0-621-40971-0**

**Titel van Publikasie:** Wes-Kaapse Provinsiale Parlement, Jaarverslag 2011/12

# INHOUD

## DEEL 1

### ALGEMENE INLIGTING

1.1	Visie, missie en waardes .....	6
1.2	Organisasiestruktuur .....	7
1.3	Wetgewingsmandaat .....	8
1.4	Inligting oor die Kantoor van die Speaker .....	8
1.5	Rekenpligtige Beampte se oorsig .....	9
1.6	Politiese landskap .....	10
1.6.1	Veranderings aan Lidmaatskap van die Huis .....	10
1.6.2	Provinsiale Kabinet .....	11
1.6.3	Nasionale Raad van Provinsies (NRVP) .....	11

## DEEL 2

### INLIGTING OOR VOORAF BEPAALDE DOELWITTE

2.1	Breë prestasie .....	14
2.1.1	Begrote fondse .....	14
2.1.2	Doel met begroting .....	14
2.1.3	Opsomming van programme .....	15
2.1.4	Strategiese sleuteldoelwitte en mikpunte .....	16
2.1.5	Oorsig oor die diensleweringomgewing 2011/12 .....	17
2.1.6	Oorsig oor die organisasie-omgewing 2011/12 .....	19
2.1.7	Sleutel-beleidsontwikkeling en wetgewingswysigings .....	19
2.1.8	Departementele inkomste, uitgawes, oordragbetalings en batebestuur .....	20
2.1.9	Departementele uitgawes .....	20
2.1.10	Oordagbetalings .....	21
2.1.11	Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuursplan .....	21
2.2	Programprestasie (Program 1: Administrasie) .....	22
2.2.1	Subprogram: Kantoor van die Speaker .....	22
2.2.2	Subprogram: Kantoor van die Sekretaris .....	22
2.2.3	Subprogram: Finansiële bestuur .....	25
2.2.4	Subprogram: Voorsieningskanaalbestuur .....	26
2.2.5	Subprogram: Interne beheer .....	27
2.2.6	Subprogram: Menslikehulpbronbestuur .....	28
2.2.7	Subprogram: Inligtings- en kommunikasie-tegnologie .....	29
2.2.8	Subprogram: Veiligheid- en fasiliteitebestuur .....	30
2.3	Programprestasie (Program 2 – Fasiliteite vir Lede en politieke partye) .....	31
2.3.1	Subprogram: Fasiliteite en voordele vir Lede .....	31
2.3.2	Subprogram: Steundienste vir politieke partye .....	32
2.4	Programprestasie (Program 3 – Parlementêre dienste) .....	33
2.4.1	Subprogram: Voltallige-steun .....	33
2.4.2	Subprogram: Komiteesteun .....	34
2.4.3	Subprogram: Openbare opvoeding en uitreiking .....	35
2.4.4	Subprogram: Navorsing .....	36
2.4.5	Subprogram: Hansard- en taaldienste .....	37

### DEEL 3

ouditkomitee se verslag .....	39
-------------------------------	----

### DEEL 4

Finansiële Jaarstate .....	43
Verslag van die Rekenpligtige Beampte .....	43
Verslag van die Ouditeur-Generaal .....	56
Begrotingsverklaring .....	60
Aantekeninge by die Begrotingsverklaring .....	72
Staat van finansiële prestasie .....	76
Staat van finansiële posisie .....	77
Staat van veranderings in netto bates .....	78
Kontantvloeistaat .....	79
Aantekeninge by die finansiële jaarstate (met inbegrip van rekeningkundige beleid) .....	80
Openbaarmakingsaantekeninge by die Finansiële Jaarstate .....	101
Bylaes by die Finansiële Jaarstate .....	116
Staat van oordragte na departementele agentskappe en rekenings .....	116
Staat van oordragte na buitelandse regerings en internasionale organisasies .....	117
Staat van oordragte na instellings sonder winsbejag .....	118
Staat van oordragte na huishoudings .....	119
Staat van geskenke, skenkings en borgskappe ontvang .....	120
Staat van gebeurlikheidslaste soos op 31 Maart 2012 .....	121
Verhaalbare eise .....	122
Betaalbare interregerings-bedrae .....	123
Voorraad .....	124

### DEEL 5

Menslikehulpbronebestuur .....	126
1. Inleiding .....	126
2. Die strategie vir menslike hulpbronne .....	126
3. Organisasiestruktuur soos op 31 Maart 2012 .....	127
4. Uitgawes .....	127
5. Indiensneming en vakatures .....	130
6. Taakbeoordeling .....	131
7. Veranderings in indiensneming .....	132
8. Billike indiensneming .....	134
9. Prestasiebelonings .....	141
10. Buitelandse werkers .....	143
11. Verlofbenutting .....	143
12. MIV/vigs- en gesondheidsbevorderingsprogramme .....	145
13. Arbeidsverhoudinge .....	146
14. Vaardigheidsontwikkeling .....	147
15. Besering aan diens .....	148
16. Benutting van konsultante .....	148

**DEEL 1**  
**ALGEMENE INLIGTING**

# ALGEMENE INLIGTING

## 1.1 Visie, missie en waardes

### Visie:

'n Moderne Parlement wat die mense van die Wes-Kaap in ooreenstemming met die beginsels van 'n oop geleentheidsgedrewe samelewing dien en wat uitnemendheid, individuele keuses, waardigheid en verantwoordelikheid bevorder.

### Missie:

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement is 'n instelling wat daartoe verbind is om prosedure- en administratiewe steun van gehalte te bied om Lede in staat te stel om hul grondwetlike werksaamhede uit te voer, en om openbare betrokkenheid by sy bedrywighede te vergemaklik.

### Waardes:

In die strewe na diensuitnemendheid en beste praktyk word die volgende waardes aanvaar:

- **Deursigtigheid**

As 'n instelling wat die belange van die gemeenskap in die Wes-Kaap verteenwoordig, is die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement deursigtig wat sy bedrywighede en rekords betref.

- **Integriteit**

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement streef na integriteit in sy prosesse, stelsels, optrede en omgang met alle interne en eksterne belanghebbers.

- **Professionalisme**

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement streef na doeltreffende bedrywighede, ingeligte besluitneming en in die algemeen 'n professionele houding deur raad en dienste van hoë gehalte te voorsien.

- **Onpartydigheid**

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement probeer om 'n onpartydige benadering tot die uitvoering van sy werksaamhede te behou deur onbevooroordeeld en nie-partydig te wees.

- **Doeltreffendheid**

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement probeer sorg dat hy 'n doeltreffende diens lewer deur hulpbronne verantwoordelik en koste-effektief te benut.

- **Toerekenbaarheid**

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement is daartoe verbind om sy werksaamhede só uit te voer dat hy gereeld, openlik en omvattend aan alle belanghebbers oor alle aspekte van sy bedrywighede verslag kan doen.


- **Respek**

In die uitvoering van sy bedrywighede behandel die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement alle mense met respek en hofflikheid.

- **Gelykheid**

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement wil die mense van die Wes-Kaap gelyk behandel terwyl hy gelykheid in elke proses en bedrywigheid verskans.

## 1.2 Organisasiestruktuur



### 1.3 Wetgewingsmandaat

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement is kragtens artikel 125 van die Tussentydse Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 200 van 1993) geskep, en kragtens die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) bevestig. Hy kry sy mandaat ook van die Grondwet van die Wes-Kaap (Wet 1 van 1997). Die sake van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement word voorts geadministreer kragtens die Wes-Kaapse Wet op die Bevoegdhede en Privilegieë van die Provinsiale Wetgewer (Wet 3 van 1995), soos gewysig, en die Wet op die Bevoegdhede en Immunitete van die Parlement en Provinsiale Wetgewers (Wet 4 van 2004).

### 1.4 Inligting oor die Kantoor van die Speaker

Mnr. Shahid Esau het van 14 April 2004 tot sy bedanking op 31 Januarie 2012 as Speaker gedien. Mnr. Thembekile Richard Majola is die huidige Speaker van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement en is op 22 Februarie 2012 verkies.

Die Speaker sit by alle Huissittings voor en pas die praktyke en prosedures van die Huis toe soos in die *Reglement van die Provinsiale Parlement* uiteengesit word. As Uitvoerende Gesag is die Speaker ook met die steun van die Sekretaris en die personeel van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement vir die gladde verloop van die administrasie van die Provinsiale Parlement verantwoordelik.

Die Speaker sit by die Provinsiale Parlement se Reëlskomitee voor. As hoof van die Provinsiale Parlement verteenwoordig die Speaker ook die instelling plaaslik en in die buiteland. Die inkomende en uitgaande besoeke van hoogwaardigheidsbekleërs word deur die ~~Kantoor op Interparlementêre Betrekkinge~~Inligting- en Kommunikasiekantoor bestuur.

Die Speaker tree ook met ~~Parlemente en~~ Wetgewers orals in Suid-Afrika en Parlemente wêreldwyd in wisselwerking.

Die Speaker het die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement by die volgende konferensie verteenwoordig:

~~23-27 Julie 2011 – CPA Internasionale Konferensie – Londen, VK~~

23-27 Julie 2011 – Internasionale Konferensie van die Gemenebes- Parlementêre Vereniging – Londen, Verenigde Koninkryk

## 1.5 Rekenpligtige Beampte se oorsig

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement het sy organisasiestruktuur op 10 November 2011 hersien. Die doel was om die werksaamhede en verslagstruktuur van die ~~Wes-Kaapse~~ Provinsiale Parlement te stroomlyn om gesonde administrasie te bevorder en organisasiedoeltreffendheid te verseker.

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se hersiene organisasiestruktuur bestaan uit 97 poste, waarvan 19 vakant is. Van die 19 vakante poste is 16 befonds.

Die Instaatstellende Fasiliteite vir Lede en Politieke Partye is hersien en bykomende befondsing is vir Lede-programme in hul kiesafdeling beskikbaar gestel. Die Sekretariële toelaag is verhoog om inflasie-verhogings in ag te neem, en die Kiesafdeling-toelaag wat betaal word, is op dieselfde vlak as dié van die Nasionale Parlement.

Wat Inligting- en Kommunikasietegnologie betref, is bykomende apparatuur en programmatuur by die netwerk in diens gestel om die bestendigheid daarvan te verseker. Internet- en e-pos-dienste werk glad. Nuwe toepassings soos 'n stelsel vir dokumentebestuur kon weens personeeltekorte nie voltooi word nie, en die projek word tans hersien. Daar was goeie vordering met die opgradering van die Raadsaal.

Die neiging van onderbesteding van die Begroting is steeds kommerwekkend.

Die huidige onderbesteding deur die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement is grootliks weens:

- Onderbesteding aan die vergoeding van werknemers weens die aantal vakante poste en moeite om hulle te vul.
- Die ophande opgradering van die webwerf asook die “e-filing”- en dokumentebestuurstelsel wat in werking gestel staan te word.

Die volgende maatreëls is ingestel om bogenoemde aan te spreek:

- Die vergoedingstudie is ~~in twee fases in werking gestel; eers teen 37,5% ingestel, en dan teen 50% van die mark.~~ Die plan is om die mediaan in die boekjaar 2012/13 in te stel. Dit behoort heelwat te help om die sommige van die uitdagings t.o.v. werwingsuitdagings tot 'n mate aan te spreek.
- Die Inligtingstegnologie- en Kommunikasiebestuurder is aangestel, en IKT-bestuur en inligtingstegnologieprojekte sal as 'n dringende aangeleentheidprioriteit in werking gestel word.

## 1.6 Politieke landskap

Politiese Party	Aantal Setels
Demokratiese Alliansie (DA)	22
African National Congress (ANC)	14
Congress of the People (COPE)	3
Onafhanklike Demokrate (OD)	2
African Christian Democratic Party (ACDP)	1

### 1.6.1 Veranderinge in die Lidmaatskap van die Huis

- Me. P. de Lille het op ~~20~~ 20 Mei 2011 bedank, en dié vakature in die Onafhanklike Demokrate is met die benoeming van mnr. D. Plato met ingang van 8 Junie 2011 gevul.
- Mnr. P.M. Jacobs het op 31 Augustus 2011 bedank, en dié vakature in die African National Congress is met die benoeming van mnr. K.E. Magaxa met ingang van 1 September 2011 gevul.
- Mnr. S. Esau het op 31 Januarie 2012 bedank, en dié vakature in die Demokratiese Alliansie is met die benoeming van mnr. P.J.C. Pretorius met ingang van 1 Februarie 2012 gevul.
- Mnr. E.H. Eloff het op 31 Januarie 2012 bedank, en dié vakature in die Demokratiese Alliansie is met die benoeming van mnr. A.M. Figlan met ingang van 1 Februarie 2012 gevul.
- Me. P.W. Cupido het op 2 Maart 2012 bedank, en dié vakature in die African Christian Democratic Party is met die benoeming van mnr. G.C.R. Haskin met ingang van 29 Maart 2012 gevul.

## 1.6.2 Provinsiale Kabinet

Die Provinsiale Kabinet is soos volg saamgestel:

Minister	Portefeulje
Me. Otta Helene <b>Zille</b>	Premier van die Wes-Kaap
Mnr. Theuns Louis <b>Botha</b>	Minister van Gesondheid en Leier van Regeringsake
Mnr. Hendrik Gerhardus <b>van Rensburg</b>	Minister van Landbou
Mnr. Daniël <b>Plato</b>	Minister van Gemeenskapsveiligheid met ingang van Junie 2011
Mnr. Robin Vincent <b>Carlisle</b>	Minister van Vervoer en Openbare Werke
Mnr. Albert Theo <b>Fritz</b>	Minister van Maatskaplike Ontwikkeling met ingang van Junie 2011
Mnr. Alan Richard <b>Winde</b>	Minister van Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
Mnr. Anton Wilhelm <b>Bredell</b>	Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
Mnr. Bonginkosi Success <b>Madikizela</b>	Minister van Behuising
Mnr. Donald Arthur <b>Grant</b>	Minister van Onderwys
Dr. Ivan Henry <b>Meyer</b>	Minister van Kultuursake en Sport

## 1.6.3 Nasionale Raad van Provinsies (NRVP)

Die Republiek van Suid-Afrika is in nege provinsies verdeel, en elkeen het sy eie provinsiale wetgewer. In ooreenstemming met die Grondwet se demokratiese filosofie is Wetgewers ook op verteenwoordiging op nasionale vlak geregtig. Gevolglik is die Nasionale Raad van Provinsies (NRVP) geskep, en dien dit as 'n verhoog waar provinsies op nasionale vlak verteenwoordiging kan geniet. ~~In dié opsig dien die Nasionale Raad van Provinsies as 'n tweede Huis saam met die Nasionale Vergadering.~~

Die Nasionale Raad van Provinsies het tot stand gekom met die aanvaarding van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), wat die begrip "samerwerkende regering" ingestel het. Dit lê klem op oorleg, koördinering en kommunikasie tussen die verskillende regeringsfere en alle Staatsorgane. Die Nasionale Raad van Provinsies integreer die provinsies by die nasionale wetgewende of regskeppende proses. As deel van dié rol kan hy enige wetgewing voor hom oorweeg, aanvaar, wysig of verwerp, of wetgewing voorstel.

Die Nasionale Raad van Provinsies bestaan uit nege provinsiale afvaardigings wat elke provinsie verteenwoordig, en elke afvaardiging bestaan uit ses permanente en vier spesiale afgevaardigdes. In totaal het elke provinsie 10 afgevaardigdes in die Nasionale Raad van Provinsies.

Die Wes-Kaap se verteenwoordiging in die Nasionale Raad van Provinsie is soos volg:

Politieke Party	Verteenwoordiging in NRVP	Permanente Afgevaardigdes	Spesiale Afgevaardigdes
Demokratiese Alliansie (DA)	<u>5</u>	3	2
African National Congress (ANC)	<u>3</u>	2	1
Congress of the People (COPE)	1	1	0
Onafhanklike Demokrate (OD)	<u>0</u> 1	0	1

Die volgende Lede is as permanente afgevaardigdes na die Nasionale Raad van Provinsies aangestel:

- Mnr. T. Byleveldt het mnr. T.D. Harris vervang, maar is oorlede en is deur mnr. D. Joseph (Demokratiese Alliansie) vervang
- Mnr. J.M.G. Bekker (Demokratiese Alliansie)
- Mnr. M.J.R. de Villiers (Demokratiese Alliansie)
- Mnr. F. Adams (African National Congress)
- Me. N. Ntwanambi (African National Congress)
- Mnr. O. de Beer (Congress of the People)

Geen name van Spesiale Afgevaardigdes word verstrek nie.

## **DEEL 2**

### **INLIGTING OOR VOORAF BEPAALDE DOELWITTE**

# INLIGTING OOR VOORAF BEPAALDE DOELWITTE

## 2.1 Breë prestasie

### 2.1.1 Begrote fondse

Begroting	Hoofbegroting R'000	Aangepaste begroting R'000	Werklike bedrag bestee R'000	Onder-/oor- besteding R'000
Billike deel	88, 242	88, 716	77, 741	10, 975
Statutêre begroting	30, 253	30, 253	30, 147	106

<b>Uitvoerende gesag:</b>	Speaker
<b>Administrerende organisasie:</b>	Provinsiale Parlement
<b>Rekenpligtige beampste:</b>	Sekretaris

### 2.1.2 Doel met begroting

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement is kragtens artikel 125 van die Tussentydse Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 200 van 1993) geskep, en kragtens die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1995) bevestig. Hy kry sy mandaat ook van die Grondwet van die Wes-Kaap (Wet 1 van 1997). Die sake van die Provinsiale Parlement word voorts geadministreer kragtens die Wes-Kaapse Wet op die Bevoegdhede en Privilegieë van die Provinsiale Wetgewer (Wet 3 van 1995), soos gewysig, en die Wet op die Bevoegdhede en Immunitete van die Parlement en Provinsiale Wetgewers (Wet 4 van 2004).

Die Provinsiale Parlement is 'n onontbeerlike meganisme in die poging om die lewensgehalte van gewone Suid-Afrikaners te verbeter. Dit is een van die instellings wat die regstreekse verteenwoordiging van mense se menings deur middel van verkose openbare verteenwoordigers; openbare verhore; oorsigbesoeke, ens., toelaat.

Die Wetgewer se Grondwetlike verantwoordelikhede is onder meer die volgende:

- Om enige wetsontwerp voor die wetgewer te oorweeg, te aanvaar, te wysig of te verwerp,
- Om te sorg dat alle provinsiale uitvoerende staatsorgane in die provinsie aan hom verantwoordbaar is, en om toesig oor die uitvoering van die provinsiale uitvoerende gesag te hou, en
- Om die betrokkenheid van die publiek by die wetgewing- en ander prosesse van die wetgewer en sy Komitees te bevorder.

Die hoofdoel van die Administrasie van die Provinsiale Parlement is om steun aan sy Lede te verleen sodat hulle hul Grondwetlike mandaat soos hierbo gestel, kan uitvoer.

### 2.1.3 Opsomming van programme

Die bedrywighede van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement word in drie hoofafdelings verdeel. Die programme dra almal by tot die bereiking van die vasgestelde doelwitte wat die Lede steun om hul grondwetlike verpligtinge van regskepping, oorsig en openbare deelname uit te voer.

Program	Doel
<b>Program 1:</b> Administrasie	Die doel van hierdie program is die strategiese bestuur van die instelling en om korporatiewe steundienste van gehalte aan die Provinsiale Parlement te lewer
<b>Program 2:</b> Fasiliteite en voordele vir Lede en politieke partye	Die doel van hierdie program is om instaatstellende fasiliteite en voordele aan Lede en politieke partye te voorsien
<b>Program 3:</b> Parlementêre dienste	Die doel van hierdie program is om proseduresteun van gehalte te voorsien en om openbare deelname te bevorder

## 2.1.4 Strategiese sleuteldoelwitte en mikpunte

### Strategiese doelwitte en mikpunte

In sy hersiene Strategiese Plan vir 2010/11-2014/15 het die Provinsiale Parlement die volgende strategiese sleuteldoelwitte en mikpunte vasgestel

Strategiese doelwitte	Strategiese mikpunte
<b>Strategiese doelwit 1:</b> Prosedure- en verwante steun aan die Huis en Komitees sodat hulle hul werksaamhede van regs-oorsig doeltreffend kan uitvoer	<ul style="list-style-type: none"><li>• Bedryf sake in die Kamer doeltreffend</li><li>• Bedryf sake in Komitees doeltreffend</li></ul>
<b>Strategiese doelwit 2:</b> Korporatiewe steun aan Lede en personeel om hul pligte doeltreffend uit te voer	<ul style="list-style-type: none"><li>• Doeltreffende benutting van menslike hulpbronne</li><li>• Doeltreffende huishouding- en logistiese dienste</li><li>• Doeltreffende inligting- en tegnologiese dienste</li><li>• Doeltreffende dienste vir die instaatstelling van Lede</li><li>• Doeltreffende interne kontrole</li><li>• Doeltreffende finansiële bestuur deur bestuur en finansiële rekeningkunde in ooreenstemming met die betrokke wetgewing en opdragte asook ooreengekome tydraamwerke te lewer</li><li>• Doeltreffende voorsieningskanaalbestuur deur voorsieningskanaalbestuursdienste op Vlak 3 te lewer</li></ul>
<b>Strategiese doelwit 3:</b> Bevorder optimale openbare betrokkenheid by Parlementêre prosesse	<ul style="list-style-type: none"><li>• Bevorder uitreikprogram en bedrywighede vir openbare opvoeding</li></ul>
<b>Strategiese doelwit 4:</b> Bevorder gesonde administrasie om organisasiedoeltreffendheid te verseker	<ul style="list-style-type: none"><li>• Doeltreffende strategiese bestuur (beplanning, sekuriteit, monitering asook beoordeling en verslagdoening, risiko- en inligtingsbestuur, korporatiewe regsdienste)</li></ul>

## 2.1.5 Oorsig oor die diensleweringomgewing 2011/12

Een van die belangrikste doelwitte van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement is om prosedure- en verwante steun aan die Huis en Komitees te lewer sodat hulle hul werksaamheid van regskepping en oorsig doeltreffend kan uitvoer.

Voltallige-steun, Komitee-steun (m.i.v. regsteun), Navorsing asook Taal- en Hansard-dienste word gelewer. 'n Belangrike doelwit van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement is om openbare deelname aan sy parlementêre prosesse te bevorder, en in dié opsig het die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement programme ontwikkel om optimale deelname te verseker.

Instaatstellende fasiliteite vir Lede en geldelike hulp aan politieke partye is hersien om te sorg dat Lede en politieke partye gepaste hulpbronne het om hul grondwetlike verpligtinge na te kom.

Om uitvoering te gee aan sy primêre doelwit van die bevordering van goeie administratiewe steun om 'n doeltreffende organisasie te verseker, belê die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement steeds in sy personeel deur studiehulp asook opleiding- en ontwikkelingsgeleenthede te bied wat op die Werkplekvaardigheidsplan gegrond is.

Voorts wil die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement korporatiewe bestuur verbeter deur ten opsigte van Risikobestuur met die Wes-Kaapse Regering saam te werk.

Besonderhede van die Provinsiale Parlement se prestasie word onder die hofie Programprestasie verstrekk.

**Die sleutelprestasies van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement word hieronder beklemtoon:**

### **Menslike Hulpbronne:**

'n Goed gestruktureerde en omvattende Oriëntasieprogram vergemaklik die toetrede van nuwe werknemers by die WKPP.

### **Inligtingskommunikasietegnologie:**

Die Inligtings- en kommunikasietegnologie-bestuurderspos is met ingang van 3 Januarie 2012 gevul.

Die boublokke om strategies ten opsigte van Inligtings- en kommunikasietegnologie te lewer, word daargestel, en dit behoort tot 'n meer stabiele Inligtingskommunikasietegnologiesiens by te dra.

Prosesse is ingestel om Inligtings- en kommunikasietegnologie te stroomlyn, en om die Inligtingskommunikasietegnologie-loodskomitee weer op die been te bring om te sorg dat die rol en funksie van die IKT-afdeling optimaal toegepas word.

## **Komiteesteun:**

Die skepping van 'n Komitee vir Toesig oor Plaaslike Regering verseker voldoening aan Artikel 132 van die Wet op die Bestuur van Munisipale Finansies (Wet No 56 van 2003), wat van munisipaliteite vereis om munisipale jaar- en toesigverslae aan die wetgewer voor te lê.

Hierdie Komitee sal toesig oor munisipaliteite se jaarverslae en toesigverslae uitoefen. Hoewel nog in sy kinderskoene, sal hierdie enkeldoelige klem in die lang termyn help om prestasie op die vlak van plaaslike regering te verbeter.

Die verdere skeiding van toesig oor Menslike Nedersettings- en Plaaslike Regerings-portefeuljes sal meer interaksie met meer fokus met twee sleuteldepartemente skep.

In die oorsigtyd het komitees nege Provinsiale Wetsontwerpe en ses Wetsontwerpe van die Nasionale Raad van Provinsies afgehandel.

In die boekjaar 2011/12 het Komitees van die Provinsiale Parlement 167 vergaderings gehou, wat staande komitees asook binnenshuise komitees insluit.

Daar was 9 openbare verhore deur Komitees, asook 17 toesigbesoeke.

Die Groepstruktuur werk goed en laat toe dat meer vergaderings plaasvind.

Steun aan die Komitees kry gedurig aandag, met binnens- en buitenshuise opleiding (bv, proeflees en redigering van Wetsontwerpe, skryfvaardighede, ens.) wat die meeste aandag kry.

## **Navorsing:**

Die Navorsing-afdeling het die teiken vir inligtingsessies vir Lede oorskry deur 24 sulke sessies aan te bied, wat gesorg het dat Komitees inligting kry wat hulle met hul toesigfunksie help.

## **Openbare opvoeding en uitreiking:**

Die Afdeling Openbare Opvoeding en Uitreiking het in die boekjaar 2011/11 42 opvoedingswerkswinkels aangebied. 'n Aansienlike aantal werkswinkels is in landelike gebiede aangebied.

Die aanstelling van 'n Openbare Opvoedings-beampte het die geleentheid geskep om 'n pakket van wetgewings-opvoedingsmateriaal te ontwikkel wat vir verspreiding gedruk sal word.

Verskeie opvoedingsinstellings, met inbegrip van die regsdepartemente van die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van die Wes-Kaap, het vennootskappe met die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement versoek.

### **2.1.6 Oorsig oor die organisasie-omgewing 2011/12**

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement het in die boekjaar 2011/12 die dienste van werknemers in sleutelposisies verseker.

Bowenal is die vakante pos van Finansiële Hoof met ingang van 1 April 2011 gevul. Die pos van Sekretaris is met ingang van 1 Oktober 2011 (deur middel van detasjering) gevul, en die pos van Bestuurder: Inligtingskommunikasietegnologie met ingang van 3 Januarie 2012 gevul.

Vakatures is gevul en die proses van die benutting van omvattende vaardigheidsbeoordelings is steeds uitgevoer om te sorg dat suksesvolle kandidate die vereiste kennis en vaardighede kan toon en toepas.

'n Goed gestruktureerde en omvattende Oriëntasieprogram help om die inskakeling van nuwe werknemers by die WKPP te vergemaklik.

Die aanbevelings van die Vergoedingstudie is deels in werking gestel tot die mate dat die WKPP se begroting dit toegelaat het, en het 'n positiewe uitwerking op die WKPP se werknemerstal gehad.

Die WKPP het 'n gesondheidsdag met groot sukses en deelname aangebied.

Die nuwe prestasiebetuursbeleid het met ingang van 1 April 2011 in werking getree, en die programmatuur van die elektroniese prestasiebestuurstelsel is aangepas om die veranderinge ten einde beter voldoening aan sowel standarde as tydsraamwerke te verseker, te akkommodeer, met ingeboude beoordelingsprosesse asook 'n breër waardebepalingskaal om akkurate verslaggewing oor werklike prestasie aan te moedig.

### **2.1.7 Sleutel-beleidsontwikkeling en wetgewingswysigings**

Weens 'n beslissing deur die Konstitusionele Hof ten opsigte van 'n wetgewer se bevoegdheid om wetgewing te aanvaar oor 'n aangeleentheid wat nie uitdruklik deur nasionale wetgewing aan hom toegewys is nie, of 'n aangeleentheid waarvoor geen bepaling van die Grondwet die aanvaarding van provinsiale wetgewing beoog nie, is daar nie met die Wetsontwerp op Parlementêre Diens- en Finansiesbestuur voortgegaan nie.

## 2.1.8 Departementele inkomste, uitgawes, oordragbetalings en batebestuur

### Insameling van departementele inkomste

Aan die einde van elke boekjaar staan die Provinsiale Parlement kragtens Artikel 22 van die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies (Wet 1 van 1999) die begrote inkomste af, en behou hy die oorskot-inkomste wat hy ingesamel het.

Die tabel toon die inkomste wat ingesamel is:

Bron	2008/09 Werklik R'000	2009/10 Werklik R'000	2010/11 Werklik R'000	2011/12 Teiken R'000	2011/12 Werklik R'000	% Afwyking van teiken
Verkoop van goedere en dienste	41	33	24	4	37	89.19%
Rente	199	134	101	48	147	67.35%
Verkoop van kapitaalbate	3	44	0	0	0	0%
Finansiële transaksies t.o.v. bates en laste	26	22	26	0	18	100%
<b>TOTALE ONTVANGSTE</b>	<b>269</b>	<b>233</b>	<b>151</b>	<b>52</b>	<b>202</b>	<b>74.26%</b>

## 2.1.9 Departementele uitgawes

Die tabel toon die begroting en uitgawes vir die verslagjaar:

Programme	Begroting vir 2011/12	Hernuwings en aanpassings	Totaal begroot	Werklike uitgawes	Afwyking
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
<b>Program 1:</b> Administrasie	38,197	-	38,197	30,139	8,058
<b>Program 2:</b> Fasiliteite vir en voordele van Lede en politieke partye	33,266	-	33,266	32,496	770
<b>Program 3:</b> Parlementêre dienste	17,253	-	17,253	15,106	2,147
<b>Totaal</b>	<b>88,716</b>	<b>-</b>	<b>88,716</b>	<b>77,741</b>	<b>10,975</b>

## 2.1.10 Oordragbetalings

Oordragbetalings soos kiesafdeling- en sekretariële dienste word betaal aan politieke partye wat in die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement verteenwoordig word. Die bedrag wat ten opsigte van sekretariële dienste oorgedra word, is gegrond op 'n formule wat bepaal word deur die aantal lede per politieke party, en hul onderskeie benoemings. Kiesafdelingtoelaes word gegrond op die aantal Lede per politieke party.

Die oordragte word kragtens Artikel 38(1)(j) van die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies (Wet 1 van 1999) en omvattende beleid wat die besteding van die oordragbetalings rig, gereël.

Die tabel hieronder toon die bedrae wat betaal is aan politieke partye wat in die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement verteenwoordig word:

Politieke Party	2011/12	
	Aantal lede soos op 31 Maart 2012	Bedrag oorgedra R'000
Demokratiese Alliansie (DA)	22	14,134
African National Congress (ANC)	14	9,091
Congress of the People (COPE)	3	2,010
Onafhanklike Demokrate (OD)	2	1,316
African Christian Democratic Party (ACDP)	1	879

## 2.1.11 Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuursplan

Die bates van die Provinsiale Parlement is beperk tot items soos kantoormeubels en -toerusting, vervoerbates, rekenaartoerusting, skilderye en ander kunswerke.

Bestuurders van die Provinsiale Parlement kry die verantwoordelikheid om die bates in hul voorraadbeheer veilig te bewaar en oor instandhoudingsvereistes verslag te doen.

Sowel die Voorsieningskanaal-bestuursbeleid as die Batebestuursplan is goedgekeur.

# PROGRAMPRESTASIE

## 2.2 Programprestasie (Program 1: Administrasie)

### Doel:

Strategiese bestuur van die instelling en om korporatiewe steundienste van gehalte aan die Provinsiale Parlement te lewer.

### 2.2.1 Subprogram: Kantoor van die Speaker

Die Kantoor van die Speaker bied politieke en uitvoerende leierskap en leiding aan Lede, die bestuur en administrasie. Meer besonderhede oor die Kantoor van die Speaker verskyn in Deel Een van die verslag.

### 2.2.2 Subprogram: Kantoor van die Sekretaris

Die Kantoor van die Sekretaris bied strategiese leierskap ten opsigte van prosedure- en administratiewe steun aan Lede. Die kantoor sorg ook vir voldoening aan die Gedragskode deur Lede se belange te registreer. Die kantoor sorg voorts dat die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement aktief aan die Wetgewingsektor deelneem, en het die Inligtingstelselbestuursforum, 'n subkomitee van die Sekretarissevereniging van die Wetgewers van Suid-Afrika, byeen geroep. Die voorsitter van die Gesamentlike Beplanningskomitee met die verantwoordelikheid vir beplanningsaangeleenthede ten opsigte van Nasionale Sleutelpunte is ook in dié kantoor gesetel.

**Sub-program: Kantoor van die Sekretaris**

**Strategiese Doelwit 4:**

Bevorder gesonde administrasie om organisasiedoeltreffendheid te verseker

Strategiese doelwit	Program-prestasiemaatstaf	Werklike prestasie teenoor teiken		Rede vir afwyking
		Teiken	Werklik	
Doeltreffende strategiese bestuur (beplanning, monitering, beoordeling en verslagdoening; risiko- en inligtingsbestuur, korporatiewe regsdiens)	Betydse regsteun aan kliënte binne 'n ooreengekome tydsraamwerk om die WKPP van regsoptrede te vrywaar	Bygewerkte Register met aanduiding van aantal regsadvies-versoeke teenoor raad gegee	Behaal	
	Kwartaallikse monitering identifiseer organisasierisiko teenoor Risiko-bestuursplan om risiko te bestuur	Hersiene Risiko-bestuursplan	Nie behaal nie	Gegewe die besluit om risikobestuur met ingang van 1 April 2012 op 'n agentskap-grondslag aan die Departement van die Premier uit te kontrakteer.  Die hersiening van die risiko-bestuursplan vir 2012-12 sal in samewerking met die Departement van die Premier ingevolge hul raamwerk voltooi word sodra die agentskapsdiens 'n aanvang neem.
		4 verslae oor bedrywighede volgens die Risiko-bestuursplan	Behaal	
<b>VERKLARENDE AANTEKENINGE:</b>				
Risiko-bestuur en Interne Beheer				
1. Voortaan sal Risiko-bestuur op 'n agentskap-grondslag deur die Departement van die Premier uitgevoer word.				

Stratetiese doelwit	Program-prestasiemaatstaf	Werklike prestasie teenoor teiken		Rede vir afwyking
		Teiken	Werklik	
Doeltreffende strategiese bestuur (beplanning, monitering, beoordeling en verslagdoening; risiko- en inligtingsbestuur, korporatiewe regsdiens)	Jaarlikse skepping en kwartaalike monitering en verslagdoening oor die inwerkingstelling van die Prestasieplan om te sorg dat die gepaste dienste binne die vereiste tydsraamwerke gelewer is/ word	Jaarlikse Prestasieplan	Behaal	
		4 KPVs teen vereiste spertye voorgelê	Behaal	
		Jaarverslag	Behaal	
		Tevredenheidspeiling oor alle dienste gelewer	Nie behaal nie	Vermoë-beperkings. Bestuur-strukture het verander. Bestuurders is na ander funksieterreine gesekondeer. Spyseniering-peiling is uitgevoer.
Stel die Inligting- en Kommunikasiebeleid in werking deur :	Inwerkingstellings Plan	Nie behaal nie	Vermoë-beperkings. Kommunikasie- en Inligtingsbestuurderpos was vakant. Posisie is sedert November 2011 gevul. Werwing van Media-skakelbeampte is aan die gang.	
Inwerkingstellingsplan teen 30 Junie 2011 te ontwikkel				
Webwerf weekliks by te werk	Weeklikse bygewerkte webwerf	Behaal		
Een publikasie kwartaaliks te ontwikkel	4 Publikasies	Behaal		
Lewer skakeldienste aan belanghebbers/afvaardigings wanneer vereis, en voldoen aan toepaslike vereistes	Afvaardigings/belanghebbers suksesvol ontvang/gefasiliteer	Behaal		
Verbeter veiligheidsvlak ooreenkomstig betrokke wetwering en beleid deur 'n Veiligheidsplan teen 30 September 2011 in werking te stel, en hou dit in stand	Veiligheidsplan is teen 30 September 2011 in werking gestel	Nie behaal nie	Beleid is net goedgekeur. Konsepplan is in die laaste kwartaal van 2011 aan die Reglementkomitee voorgelê. Wag op uitslag van Reglementkomitee.	
Bied 'n biblioteek- en inligtingsdiens volgens ooreengekome kliëntstandaard en tydraamwerk	Biblioteek- en inligtingsdiens voor bepaalde spertyd voorsien	Behaal		

## 2.2.3 Subprogram: Finansiële bestuur

### Strategiese doelwit 2:

Korporatiewe steun aan Lede en personeel

Strategiese doelwit	Program- prestasiemaatstaf	Werklike prestasie teenoor teiken		Rede vir afwyking
		Teiken	Werklik	
Doeltreffende finansiële bestuur deur bestuur en finansiële rekeningkunde kragtens die betrokke wetgewing en opdragte in ooreengekome tydsraamwerke te lewer	Volledige en akkurate weerspieëling van WKPP se finansiële transaksies deur:	1 stel Finansiële Jaarstate en 1 stel Voorlopige Finansiële State	Behaal	
	Volkome bewysbare finansiële state teen die vereiste spertyd voor te lê			
	Stel gesonde en doeltreffende betaalstelsel teen 30 April 2010 in werking en hou dit op vooraf bepaalde standaarde in stand	Hersiene betaalstelsel op vooraf bepaalde standaard	Behaal	
	Ontwikkel monitering- en beoordeling-stelsel en hou dit in stand om Bates- en Laste-rekeninge op vooraf bepaalde standaard te klaar	Klaring van Bates- en Laste-rekeninge op vooraf bepaalde standaarde	Behaal	
	Reagerende en geloofwaardige begrotingsamestelling en -inwerkingstelling deur:			
	Voorbereiding, fasilitering, samevoeging en voorlegging van 'n akkurate, volledige Begroting wat met die JPP strook, teen die vereiste spertyd	1 akkurate en volledige Begrotingstaat 2 en Aanpassingsbegroting	Behaal	
Lê 12 akkurate IJM van voorgeskrewe standaard en binne tydsraamwerke voor, asook 4 kwartaallikse uitgaweontledings om waarskuwings-tekens te identifiseer, asook reagerende aksieplanne	12 akkurate IJM van voorgeskrewe standaard en binne tydsraamwerk  4 kwartaallikse uitgaweontledings om waarskuwingstekens te identifiseer, asook reagerende aksieplanne	Behaal  Behaal		

## 2.2.4 Subprogram: Voorsieningskanaalbestuur

### Strategiese doelwit 2:

Korporatiewe steun aan Lede en personeel

Strategiese doelwit	Program- prestasiemaatstaf	Werklike prestasie teenoor teiken		Rede vir afwyking
		Teiken	Werklik	
Doeltreffende voorsieningskanaalbestuur deur Voorsieningskanaalbestuursdiens op Vlak 3 te bied	Vraag- en verkrygingsbestuur op vooraf bepaalde standaarde en binne tydsraamwerke deur:  Opgradering en hersiening van betrokke dele van die huidige Rekenpligtige Beampte-stelsel	Werk betrokke dele van die huidige Rekenpligtige Beampte-stelsel by en hersien dit	Behaal	
	Ontwikkeling van 'n Verkrygings-plan vir 2012/13 teen 31 Julie 2011	Ontwikkel Verkrygingsplan vir 2012/13	Behaal	
	Verslaggewing oor verkryging-prestasie vir 2010/11 teen 30 Junie 2011	Doen jaarliks oor verkrygings-prestasies vir 2010/11 verslag	Behaal	
	Vraag- en verkrygingbestuur op vooraf bepaalde standaard en binne tydsraamwerke deur:  Kwartaallikse verslaggewing oor inwerkingstelling teenoor plan vir 2011/12, met identifisering van prestasies, uitdagings en ingrypings	3 kwartaal-verslae oor inwerkingstelling teenoor plan vir 2011/12, met identifisering van prestasies, uitdagings en ingrypings	Behaal	
	Bygewerkte register van kontrakte ten opsigte van goedere en dienste om doeltreffende kontrak-administrasie te verseker	Doeltreffende kontrakbestuur deur instandhouding van 'n bygewerkte register van kontrakte ten opsigte van goedere en dienste, en skakeling met belanghebbers	Behaal	

Stratetiese doelwit	Program-prestasiemaatstaf	Werklike prestasie teenoor teiken		Rede vir afwyking
		Teiken	Werklik	
Doeltreffende voorsienings-kanaalbestuur deur Voorsienings-kanaalbesuursdiens op Vlak 3 te lewer	Doeltreffende bestuur van bates deur:  Bate-onthulling vir Finansiële Jaarstate en Voorlopige Finansiële State	Bate-onthulling vir Finansiële Jaarstate en Voorlopige Finansiële State	Behaal	
	Bygewerkte en volledige bateregister wat met Logis rekonsilieer	Maandelikse bygewerkte bateregister met voorraadopname en verslae oor afwyking wat geïdentifiseer en reggestel is	Behaal	

## 2.2.5 Subprogram: Interne beheer

### Stratetiese doelwit 2:

Korporatiewe steun aan Lede en personeel

Stratetiese doelwit	Program-prestasiemaatstaf	Werklike prestasie teenoor teiken		Rede vir afwyking
		Teiken	Werklik	
Doeltreffende interne beheerstelsels deur interne beheerstelsels te monitor en te beoordeel	Inwerkingstelling van 'n doeltreffende interne beheer- en moniteringstelsel om voldoening aan betrokke beleid en prosedures te verseker, en instandhouding daarvan	Spreek ouditbevindings aan en stel gepaste aksieplanne teen 31 Desember 2011 in werking	Behaal	
		3 Interne beheer-inspeksieverslae met bevindings, hoofsaak en aanbevelings	Nie behaal nie	Twee voltooi.  Derde verslag in Mei 2012 voltooi.  Vermoë-bepelings.  Interne Beheer-beampte het twee funksies verrig (Risiko-bestuur en Interne Beheer).
		3 Kwartaallikse opvolg-inspeksieverslae wat vordering met inwerkingstelling van aanbevelings weerspieël	Behaal	
		12 Maandelikse verslae ná oudits wat bevindings en aanbevelings asook inwerkingstelling van monitering weerspieël	Behaal	

## 2.2.6 Subprogram: Menslikehulpbronbestuur

### Strategiese doelwit 2:

Korporatiewe steun aan Lede en personeel

Strategiese doelwit	Program- prestasiemaatstaf	Werklike prestasie teenoor teiken		Rede vir afwyking
		Teiken	Werklik	
Doeltreffende benutting van Menslike Hulpbronne deur opleiding en ontwikkeling te voorsien; personeel-administrasie; werknemer-welstand en arbeids-verhoudinge ooreenkomstig die MH-strategie en binne ooreengekome tydsraamwerke	Doeltreffende inwerkingstelling van MH-strategie vir Menslike-hulpbronbestuur deur kwartaalliks oor klemterreine vir 2011/12 verslag te doen: Oriëntering, Werknemer-welstand, Diensbillikheid	Die doeltreffende inwerkingstelling van MH-strategie vir MHB deur 4 vorderingsverslae oor die klemterrein vir 2011/12 voor te lê	Behaal	
	Ontwikkel 'n Werkplek-vaardigheidsplan om die vaardigheidsvlak van werknemers te verbeter, en stel dit in werking, en doen kwartaalliks oor vordering verslag	Werkplek-vaardigheidsplan voorgelê en in werking gestel, en 3 kwartaalverslae oor inwerkingstelling en uitdagings voorgelê	Behaal	Behaal
Doeltreffende benutting van Menslike Hulpbronne deur opleiding en ontwikkeling; personeeladministrasie; werknemerwelstand en arbeidsverhoudinge ooreenkomstig die MH-strategie en binne ooreengekome tydsraamwerke te voorsien	Doeltreffende bestuur van die werwing en keuring van werknemers deur kwartaalliks oor vordering teenoor tydsraamwerke volgens die goedgekeurde plan verslag te doen	Werwing en keuring doeltreffend bestuur deur vordering teenoor tydsraamwerke volgens die goedgekeurde plan na te speur, met maandelikse verslae, met inbegrip van uitdagings en ingrypings	Behaal	

## 2.2.7 Subprogram: Inligtings- en kommunikasie-tegnologie

### Strategiese doelwit 2:

Korporatiewe steun aan Lede en personeel

Strategiese doelwit	Program-prestasiemaatstaf	Werklike prestasie teenoor teiken		Rede vir afwyking
		Teiken	Werklik	
Doeltreffende inligting- en tegnologiedienste deur die voorsiening van Netwerkbestuur; gebruikersteun, programmatuur-ontwikkeling en -instandhouding en audio-visuele dienste ooreenkomstig die Inligting- en Kommunikasie-tegnologiestrategie en ooreengekome tydsraamwerke	Hersien IKT-plan teen 30 Junie 2011 met ontwikkelde sake-gevalle	Hersiene IKT-plan en ontwikkelde sake-gevalle	Nie behaal nie	Personeel-beperking.  Inligting- en Kommunikasie-tegnologie-bestuurder se pos was 9 maande lank vakant.
	Elektroniese Dokument-bestuurstelsel teen Desember 2011	Elektroniese Dokument-bestuurstelsel teen Desember 2011	Nie behaal nie	Personeel-beperkings.  Hersiening van die behoefte aan die Dokument-bestuurstelsel.  Inligting- en Kommunikasie-tegnologie-bestuurder se pos was 9 maande lank vakant.  Vakature is op 3 Januarie 2012 gevul.
	Elektroniese Dokument-bestuurstelsel teen Desember 2011	Ontwikkel sakeproses-kartering vir "e-filing"-stelsel teen 31 Maart 2012	Nie behaal nie	Personeel-beperkings .  Sakeprojekplan word hersien.
	Hersien webwerf teen 30 Junie 2011 en doen teen 31 Desember 2011 oor funksionaliteit verslag	Webwerf hersien	Nie behaal nie	Weens beperkte aanbiedings (1 bod) is daar besluit om 'n oop tender aan te bied.
<b>VERKLARENDE AANTEKENINGE:</b>				
Inligtings-kommunikasie-tegnologie:				
1. IKT-plan word in 2012/13 hersien				

## 2.2.8 Subprogram Veiligheid- en fasiliteitebestuur

### Strategiese doelwit 2:

Korporatiewe steun aan Lede en personeel

Strategiese doelwit	Program- prestasiemaatstaf	Werklike prestasie teenoor teiken		Rede vir afwyking
		Teiken	Werklik	
Doeltreffende huishoudelike en logistiese dienste deur vervoer en verblyf; telefonie; rekordbestuur; fasiliteit-koördinerings; pos- en bodedienste; spyseniering; beroeps- gesondheid, veiligheid en sekuriteit asook Erfenisbestuur tot bevrediging van die Lede en personeel binne ooreengekome tydsraamwerke en diens-oktrooistandaarde te bied	Bestuur van amptelike vervoer en reise deur registrering en kwartaallikse verslaggewing oor benutting, koste, uitdagings en ingrypings	Amptelike vervoer en reise deur registrering en kwartaallikse verslaggewing oor benutting, koste, uitdagings en ingrypings bestuur	Behaal	
	Bevorder gebouebestuur- prosesse in samewerking met belanghebbers, en doen kwartaalliks verslag	Bevorder gebouebestuur- prosesse in samewerking met belanghebbers, deur kwartaalliks verslag te doen	Behaal	
	Bestuur spysenieringsdienste deurlopend volgens die standaarde in die spysenieringskontrak en lê kwartaallikse verslae voor	Bestuur spysenieringsdienste deurlopend volgens die standaarde in die spysenieringskontrak en lê kwartaallikse verslae voor	Behaal	

## 2.3 Programprestasie (Program 2 – Fasiliteite vir Lede en politieke partye)

### Doel:

Om instaatstellende dienste en voordele aan Lede en politieke partye te voorsien

### 2.3.1 Subprogram: Fasiliteite en voordele vir Lede

#### Strategiese doelwit 2:

Korporatiewe steun aan Lede en personeel

Strategiese doelwit	Program-prestasiemaatstaf	Werklike prestasie teenoor teiken		Rede vir afwyking
		Teiken	Werklik	
Doeltreffende instaatstellende dienste vir Lede deur 'n instaatstellende toelaag te voorsien; sekretariële en kiesafdeling-toelaes asook opleiding en ontwikkeling tot bevrediging van die Lede en binne ooreengekome tydsraamwerke	Verseker doeltreffende administrasie van Lede-aangeleenthede ten opsigte van vergoeding, instaatstellende toelaes en voordele deur betalings binne 7 dae te prosessee, en maandeliks te rekonsilieer en verslag te doen	Doeltreffende administrasie van Lede-aangeleenthede ten opsigte van vergoeding, instaatstellende toelaes en voordele deur betalings binne 7 dae te prosessee, en maandeliks te rekonsilieer en verslag te doen	Behaal	
	Verseker doeltreffende administrasie van Lede-aangeleenthede deur die vergemakliking van goedgekeurde Lede-opleiding, hersiening van die Gids vir Lede, verspreiding van inligting en kwartaallikse verslagdoening	Doeltreffende administrasie van Lede-aangeleenthede deur die vergemakliking van goedgekeurde Lede-opleiding, hersiening van die Gids vir Lede, verspreiding van inligting en kwartaallikse verslagdoening	Behaal	
	Verseker doeltreffende administrasie van Lede-aangeleenthede deur die vergemakliking van goedgekeurde Lede-opleiding, hersiening van die Gids vir Lede, verspreiding van inligting en kwartaallikse verslagdoening	4 Kwartaallikse verslae oor Lede-opleiding teenoor goedgekeurde program vir Lede-opleiding	Behaal	

### 2.3.2 Subprogram: Steundienste vir politieke partye

#### Strategiese doelwit 2:

Korporatiewe steun aan Lede en personeel

Strategiese doelwit	Program-prestasiemaatstaf	Werklike prestasie teenoor teiken		Rede vir afwyking
		Teiken	Werklik	
Doeltreffende instaatstellende dienste vir Lede deur 'n instaatstellende toelaag; sekretariële en kiesafdelingtoelae asook opleiding en ontwikkeling tot bevrediging van die Lede en binne ooreengekome tydsraamwerke te bied	Verseker dat betalings aan partye binne 7 dae ná ontvangs van die vereiste dokumente geskied	4 verslae met aanduiding van die datum van ontvangs van die vereiste dokumente en datum waarop betalings geprosesseer is	Behaal	

## 2.4 Programprestasie (Program 3 – Parlementêre dienste)

### Doel:

Om prosedureverwante steun van gehalte aan die Huis en komitees te voorsien, en openbare deelname te bevorder.

### 2.4.1 Subprogram: Voltallige-steun

#### Strategiese doelwit 1:

Prosedure- en verwante steun aan die Huis en komitees om hul werkzaamheid van wetgewingsoorsig doeltreffend uit te voer

Strategiese doelwit	Program-prestasiemaatstaf	Werklike prestasie teenoor teiken		Rede vir afwyking
		Teiken	Werklik	
Doeltreffende uitvoering van die Raad se sake deur raad en administratiewe steun aan Politieke Ampsdraers, Lede en die Huis te voorsien; vertaal- en tolkdienste; aantekening van die Huis se werkzaamhede, asook die vergaring, ontleding en publisering van prosedure- en statistiese inligting tot bevrediging van die Lede en binne ooreengekome tydsraamwerke	Skep prosedure-handleiding binne ooreengekome tydsraamwerke	Skep prosedure-handleiding	Nie behaal nie	Reglement-hersiening moet nog afgehandel word.  Prosedure-handleiding sal 'n aanvang neem sodra die hersiening van die reglement afgehandel is .
	Voorsien raad en leiding oor prosedures op aanvraag tot bevrediging van die voorsittende beamptes en die Huis binne ooreengekome tydsraamwerke	4 kwartaallikse registers oor prosedure-raad wat voorsien is	Nie behaal nie	Register vir drie kwartale in stand gehou. Registers nie deur al die Tafelpersoneel voltooi nie.
		Jaarlikse samevatting van Speaker se beslissings vir 2010/11	Behaal	
		3 verslae oor Speaker se beslissings	Behaal	

## 2.4.2 Subprogram: Komiteesteun

**Strategiese doelwit 1:** Prosedure- en verwante steun aan die Huis en komitees om hul werksaamheid van wetgewingsoorsig doeltreffend uit te voer

Strategiese doelwit	Program-prestasiemaatstaf	Werklike prestasie teenoor teiken		Rede vir afwyking
		Teiken	Werklik	
Doeltreffende bedryf van Komitee-aangeleenthede deur prosedure-raad te gee; administratiewe en regsteun aan Voorsitters, Lede en komitees	Bied administratiewe en prosedure-steun aan Lede om hul oorsigrol uit te voer en die uitvoerende gesag tot verantwoording te roep	Oorsigmodel	Nie behaal nie	Konsep-sektooroorsigmodel is onder die Regelementkomitee versprei.  Wag vir goedkeuring van Reglementkomitee.
	Prosedure-raad en -leiding op versoek en tot bevrediging van die Komitee	4 kwartaalike verslae oor prosedure-raad en -leiding op versoek voorsien, en tot bevrediging van die Komitee	Behaal	
		4 kwartaalike Komitee-prestasieverslae	Behaal	
	Wetsontwerpe binne die tydsraamwerke van die Parlementêre program afgehandel	4 kwartaalike verslae oor Wetsontwerpe wat binne die tydsraamwerke van die Parlementêre program afgehandel is.	Behaal	
	Notules, konsepverslae en steundokumente word binne ooreengekome tydsraamwerke aan Komitees beskikbaar gestel	4 kwartaalike verslae oor betydse voorlegging van verslae, notules en toepaslike dokumentasie	Behaal	
	Komitee-sakeplanne, met begrotings, voorberei volgens Komitees se opdragte en ooreenkomstig toepaslike riglyn gemonitor	Jaarlike Komitee-sakeplanne en kwartaalike ramings van uitgawes voorberei	Behaal	
	Regsteun van goeie gehalte binne ooreengekome tydsraamwerke aan Komitees voorsien (menings, konsepte, proeflees, regs-navorsing)	4 kwartaalike verslae oor regsdienste voorsien	Behaal	

### 2.4.3 Subprogram: Openbare opvoeding en uitreiking

#### Strategiese doelwit 3:

Bevorder optimale openbare betrokkenheid by Parlementêre prosesse

Strategiese doelwit	Program-prestasiemaatstaf	Werklike prestasie teenoor teiken		Rede vir afwyking
		Teiken	Werklik	
<p>Bevorder openbare opvoeding- en uitreik-programme en -bedrywighede deur:</p> <p>Steun van gehalte aan Komitees te gee wat die regskeppende, toesig- en openbare deelname-proses betref</p>	<p>Strategie vir Openbare Deelname en Opvoeding ontwikkel en teen 31 Desember 2011 vir goedkeuring voorgelê, en inwerkingstelling ná goedkeuring</p>	<p>Konsepstrategie vir Openbare Deelname en Opvoeding, en inwerkingstelling ná goedkeuring</p>	<p>Behaal</p>	
	<p>Verslag oor administrasie van petisies ontvang en kragtens Petisiewet geprosesseer</p>	<p>12 verslae oor petisies ontvang en geprosesseer</p>	<p>Nie behaal nie</p>	
<p>Bevorder openbare opvoeding- en uitreik-programme en -bedrywighede deur:</p> <p>Steun van gehalte ten van die regskeppende, toesig- en openbare deelname-proses aan komitees te bied</p>	<p>Verslag oor steun aan Staande Komitees oor openbare opvoeding oor die regskeppende, toesig- en openbare deelname-prosesse</p>	<p>4 verslae oor steun aan Staande Komitees oor openbare opvoeding oor die regskeppende, toesig- en openbare deelname-prosesse</p>	<p>Behaal</p>	
<p>Bevorder openbare opvoeding- en uitreik-programme en -bedrywighede deur:</p> <p>'n Regsopvoedings-program en opvoedingsmateriaal vir belanghebbers te ontwikkel</p>	<p>Regs-opvoedingsprogram en opvoedingsmateriaal vir belanghebbers ontwikkel</p>	<p>Regs-opvoedingsprogram en opvoedingsmateriaal vir belanghebbers ontwikkel, en program in werking gestel</p>	<p>Behaal</p>	
		<p>Ontwikkel en hersien opvoedingsprogram en -materiaal</p>	<p>Behaal</p>	

Stratetiese doelwit	Program-prestasiemaatstaf	Werklike prestasie teenoor teiken		Rede vir afwyking
		Teiken	Werklik	
Bevorder openbare opvoeding- en uitreik-programme en -bedrywighede deur:  Regs-opvoedingsprogram en opvoedings-materiaal vir belanghebbers te ontwikkel	Regs-opvoedingsprogram en opvoedingsmateriaal vir belanghebbers ontwikkel en in werking gestel	1 beoordelingsverslag oor die gehalte van die opvoedingsprogram	Behaal	

#### 2.4.4 Subprogram: Navorsing

##### Stratetiese doelwit 1:

Prosedure- en verwante steun aan die Huis en Komitees om hul werkzaamheid van die skepping van en oorsig oor wetgewing doeltreffend uit te voer

Stratetiese doelwit	Program-prestasiemaatstaf	Werklike prestasie teenoor teiken		Rede vir afwyking
		Teiken	Werklik	
Doeltreffende bedryf van Komitee-aangeleenthede deur prosedure-raad te gee; administratiewe, regs- en navorsingsteun aan senior personeel, voorsitters, Lede en komitees te voorsien	Betydse, toepaslike pro- en reaktiewe navorsingsteun van gehalte aan individuele Lede, Komitees, Senior Bestuur en Voorsittende Beampes	4 kwartaallikse verslae oor navorsingsteun	Behaal	
	13 Inligtingsessies per jaar aan Lede, staande komitees en personeel	13 inligtingsessies	Behaal	

## 2.4.5 Subprogram: Hansard- en taaldienste

### Strategiese doelwit 1:

Prosedure- en verwante steun aan die Huis en komitees om hul werksaamheid van die skepping van en oordig oor wetgewing doeltreffend uit te voer

Strategiese doelwit	Program-prestasiemaatstaf	Werklike prestasie teenoor teiken		Rede vir afwyking	
		Teiken	Werklik		
Doeltreffende bedryf van Raad-aangeleenthede deur raad en administratiewe steun aan politieke ampsdraers, Lede en die Huis te gee; vertalings- en tolkdienste; aantekening van die Huis se verrigtinge en die versameling, ontleding en publisering van prosedure- en statistiese inligting tot bevrediging van die Lede binne ooreengekome tydsraamwerke	Voorsien foutvrye, betydse vertaaldienste van gehalte aan die Huis en die Administrasie	4 verslae oor dienste gelewer	Behaal		
		2 eksterne nagaanverslae	Nie behaal nie	Kon nie 'n eksterne diensverskaffer binne die vereiste tydsraamwerk kry nie.  Een verslag oor eksterne nagaanwerk.	
	Betydse tolkdienste van hoë gehalte aan die Huis en komitees voorsien	4 verslae oor tolkdienste gelewer	Behaal		
		2 eksterne nagaanverslae	Nie behaal nie	Kon nie 'n eksterne diensverskaffer binne die vereiste tydsraamwerk kry nie.  Een verslag oor eksterne nagaanwerk.	
	Bestuur voorsiening van 'n ongeredigeerde Hansard-verslag binne 2 werkdag van elke sitting		4 verslae oor Hansard-lewertyd en gehalteversekering	Behaal	

## **DEEL 3**

### **(BEGROTINGSPOS 2) OUDITKOMITEE SE VERSLAG**

#### **VIR DIE BOEKJAAR TOT 31 MAART 2012**

## WES-KAAPSE REGERING

### WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT (BEGROTINGSPOS 2)

#### Verslag van die Ouditkomitee

Ons lê met genoë ons verslag vir die boekjaar tot 31 Maart 2012 voor.

#### Lede van die Ouditkomitee en Bywoning

Kragtens Kabinetsbesluit 55/2007 word die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement deur die Ouditkomitee vir die Bestuur- en Administrasiegroep bedien. Die Ouditkomitee bestaan uit die lede wat hieronder genoem word, en behoort volgens sy goedgekeurde opdrag minstens 4 keer per jaar te vergader. In die huidige jaar is 7 vergaderings gehou.

Naam van lid	Aantal vergaderings bygewoon
Mnr. A Amod (Voorsitter tot 31 Desember 2011)	6
Mnr. Z Hoosain (Voorsitter van 1 Januarie 2012)	7
Me. J Gunther	6
Mnr. K Larkin	5
Mnr. L van der Merwe	7
Mnr. M Burton (Op 1 Januarie 2012 aangestel)	1

Apologieë is ingedien en aanvaar vir vergaderings wat nie bygewoon is nie. 'n Kworum van lede was by alle vergaderings teenwoordig.

#### Ouditkomitee se verantwoordelikheid

Die Ouditkomitee doen verslag dat hy aan sy verantwoordelikhede kragtens **artikel 38(1)(a) van die WBOF** en **Tesourieregulasie 3.1** voldoen het.

Die Ouditkomitee doen ook verslag dat hy die gepaste formele opdrag as sy Ouditkomitee-oktrooi aanvaar het, sy sake in ooreenstemming met dié oktrooi uitgevoer het, en al sy verantwoordelikhede soos daarin bevat, afgehandel het.

#### Die doeltreffendheid van Ondernemingswye Risikobestuur (ORB) en Interne Beheer

Ooreenkomstig die WBOF en King II-verslag oor vereistes vir Korporatiewe Bestuur, gee Interne Oudit die Ouditkomitee en Bestuur die versekering dat interne beheer toereikend en doeltreffend is. Dit word bereik deur 'n risiko-gegronde Interne Oudit-plan wat die toereikendheid van beheermaatreëls vir die matiging van risiko, asook die Ouditkomitee se monitering van die inwerkingstelling van regstellende optrede, beoordeel.

Ons het die verslae van die Interne Ouditeure, die Ouditverslag oor die Finansiële Jaarverslae en die Bestuursverslag van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika in hersiening geneem. Buiten die aangeleenthede wat in die Ouditeur-Generaal se Oudit en Bestuursverslae weerspieël word, asook die aangeleenthede wat hieronder uitgelig word, is geen wesenlike gebreke in die stelsel vir interne beheer aangemeld nie.

## **Terreine wat Interne Oudit vir verbetering uitgelig het**

In die jaar het Interne Oudit belangrike beheergebreke op die volgende terreine gemeld:

- Voltallige-steun
- Regsdienste
- Monitering en beoordeling

Bestuur het oor regstellende stappe ooreengekom, en dit word deur die Ouditkomitee gemonitor.

## **Ondernemings-risikobestuur**

As gevolg van beperkte vordering het die Komitee aanbeveel dat die Provinsiale Ondernemings-risikobestuurseenheid (PORBE) geraadpleeg word om metodologie in ooreenstemming te bring en vordering te verhaas. Dit is ná die jaareinde aanvaar en in werking gestel.

## **Die gehalte van die Bestuur- en Kwartaallikse Verslae vir Jaar wat kragtens die WBOF en Wet op die Verdeling van Inkomste voorgelê is**

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die kwartaallikse verslae wat die Departement se Rekenpligtige Beampte in die oorsigjaar voorberei en uitgereik het.

## **Beoordeling van die Finansiële State**

Die Ouditkomitee het die volgende gedoen:

- die geouditeerde Finansiële Jaarverslae wat in die Jaarverslag ingesluit gaan word, hersien en met die Ouditeur-Generaal en die Rekenpligtige Beampte bespreek;
- die Ouditeur-Generaal se Bestuursverslag en die Bestuur se reaksie daarop hersien;
- die veranderings aan rekenkundige beleid en praktyke soos in die Finansiële Jaarstate gemeld, hersien;
- die Departement se prosesse vir voldoening aan regs- en regulasiebepalings hersien;
- die inligting oor vooraf bepaalde doelwitte soos in die Jaarverslag gemeld, hersien;
- waar gepas die aanbevole veranderings aan die interne finansiële state soos deur die Departement vir die ses maande tot 30 September 2011 aangebied, hersien; en
- aanpassings wat uit die oudit voortspruit, hersien.

Die Ouditkomitee stem saam met die Ouditeur-Generaal se mening oor die Finansiële Jaarstate en aanvaar dit, en stel voor dat die geouditeerde Finansiële Jaarstate aanvaar en saam met die Ouditeur-Generaal se verslag gelees word.

## **Interne Oudit**

Die Ouditkomitee doen verslag dat vier van die ses beplande terreine van die goedgekeurde Interne Oudit-plan op 31 Maart 2012 ter Tafel gelê is. Een verslag is ná die jaareinde ter Tafel gelê, en die ander een is na die volgende verslagsiklus oorgedra.

Soos in die vorige jaar gemeld, is die Komitee van mening dat verdere ouditdekking nodig is, en dat daar 'n behoefte vir bykomende vermoë is om die toenemende dekking van terreine met 'n hoë risiko te steun.

## **Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika**

Die Ouditkomitee het met die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika vergader om te sorg dat daar geen onopgeloste aangeleenthede uit die regulerings-oudit spruit nie. Die Ouditkomitee sal regstellende stappe rakende die gedetailleerde bevindings wat uit die huidige regulerings-oudit voortspruit, steeds kwartaalliks bly monitor.

## **Waardering**

Die Ouditkomitee wil sy waardering teenoor die Beampies van die Wetgewer, die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika en die Interne Oudit-eenheid uitspreek vir die samewerking en inligting wat hulle voorsien het om ons in staat te stel om hierdie verslag op te stel.



Mnr. Z Hoosain

Voorsitter van die Ouditkomitee vir die Bestuur- en Administrasiegroep

Datum: 6 Augustus 2012

**DEEL 4**

**FINANSIËLE JAARSTATE  
VIR DIE  
WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT**

**WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT**  
**BEGROTINGSPOS 2**  
**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE**  
**vir die jaar tot 31 Maart 2012**

Verslag deur die Rekenpligtige Beampte aan die Speaker en Provinsiale Parlement van die Republiek van Suid-Afrika.

**1. Breë oorsig oor die stand van finansiële sake**

Hierdie verslag spreek die finansiële prestasie van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement aan, en sluit toepaslike statutêre inligting kragtens die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, 1999 (WBOF), Wet 1 van 1999, in.

**Oorsig oor die Begroting**

Die aanvanklike begroting was was R88 242 000, wat 14.03 persent meer as die 2010/11-begroting is. Die begroting is tydens die Aanvullingsbegroting aangesuiwer met 0.54 persent of R474 000, wat bestaan uit inkomste van R99 000 wat van die vorige jaar teruggehou is, en 'n hernuwing van R375 000. Besonderhede van die aangepaste begroting per ekonomiese klassifisering is soos volg:

<b>Vergoeding van werknemers</b>	<b>Aanvanklike begroting R'000</b>	<b>Aangepaste begroting R'000</b>	<b>%- verandering van Aanvanklike begroting</b>
Goedere en dienste	35 401	34 323	(3.05%)
Rente en huurgeld t.o.v. grond	22 125	23 253	5.10%
Buitelandse regerings en internasionale organisasies		1	100.00%
Instellings sonder winsbejag	145	122	(15.86)
Huishoudings	26 553	27 361	3.04%
Masjinerie en toerusting	1 336	1 255	(6.06%)
Programmatuur en ander ontasbare bates	1 940	1 640	(15.46%)
Betalings vir finansiële bates	742	742	0.00%
<b>Totaal</b>		19	100.00%
Vergoeding van werknemers	<b>88 242</b>	<b>88 716</b>	<b>0.54%</b>


**WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT  
BEGROTINGSPOS 2  
VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE  
vir die jaar tot 31 Maart 2012**

**Hernuwings:**

Die Provinsiale Parlement het ten opsigte van die begroting vir die boekjaar 2010/11 R375 000 onderbestee, en die terughouding van inkomste vir die boekjaar 2010/11 was R99 000.

R375 000 is goedgekeur as 'n hernuwing vir die voltooiing van die oudiovisuele opgraderingsprojek, en Lede se programme in kiesafdelings. R99 000 van inkomste wat te veel geïen is, is ook terug gehou vir die voltooiing van die oudiovisuele opgradering in die raadsaal.

**Ekonommiese klassifisering as 'n % van die Aangepaste Begroting van R88 716 000**



**WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT**  
**BEGROTINGSPOS 2**  
**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE**  
**vir die jaar tot 31 Maart 2012**

<b>Vergoeding van werknemers:</b>	Salarisse en toelaes aan personeel betaalbaar, met inbegrip van werkgewer se bydrae tot pensioenfonds, mediese hulpfonds, werkloosheidversekeringsfonds en betaling van vergoeding aan indiensleerders.
<b>Goedere en dienste:</b>	Grootliks die lopende koste van die organisasie en bedryfsuitgawes rakende die verskeie lynfunksies.
<b>Rente betaal:</b>	Rente op Finansierings-huurooreenkomste betaalbaar.
<b>Internasionale organisasies:</b>	Jaarlikse lidmaatskapsgeelde aan die Gemenebes- Parlementêre Vereniging betaalbaar.
<b>Instellings sonder winsbejag:</b>	Kiesafdeling- en sekretariële toelaes aan politieke partye betaalbaar.
<b>Huishoudings:</b>	Werkgewerbydrae tot mediese hulpfonds vir Lede wat voor die demokratiese verkiesing van 1994 bedank het, verlof-gratifikasies as gevolg van bedankings, en aansporingsbelonings.
<b>Masjinerie en toerusting:</b>	Voorsiening vir die aankoop van kapitaalmasjinerie en toerusting-bates.
<b>Programmatuur en ander ontasbare bates:</b>	Voorsiening vir die aankoop van kapitaal-programmatuur en ander ontasbare bates.

**Beduidende gebeure in die jaar:**

Daar is nie met die Wet op die Bestuur van Parlementêre Diens en Finansies voortgegaan nie, want die Konstitusionele Hof het bevind dat individuele wetgewers nie hul eie wetsontwerpe oor finansiële aangeleenthede kan aanvaar nie. Daar is voorsiening gemaak vir 'n tydperk waarbinne die Nasionale Parlement die finansiële sake van provinsiale wetgewers in hul Wet kan insluit.

Geen viremente is ná die Aanvullingsbegroting goedgekeur nie.

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement het in die oorsigtyd R10.975 miljoen onderbestee.

**WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT**  
**BEGROTINGSPOS 2**  
**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE**  
**vir die jaar tot 31 Maart 2012**

Per Program sien die onderbesteding soos volg daaruit:

Program	Finale begroting	Werklike besteding	Bedrag nie bestee nie
	R'000	R'000	R'000
Administrasie	38 197	30 139	8 058
Fasiliteite en voordele vir Lede	33 266	32 496	770
Parlementêre dienste	17 253	15 106	2 147
<b>Totaal</b>	<b>88 716</b>	<b>77 741</b>	<b>10 975</b>

**Administrasie** se onderbesteding spruit grootliks uit die vergoeding van werknemers. Minder besteding aan bedryfskoste weens die aantal vakante poste. Inligtingstechnologie-projekte ("e-filing" en dokumentebestuurstelsel) nie in werking gestel nie, en ophande opgradering van die webwerf. Die verwagte vaardigheidsoudit het nie in die oorsigtyd plaasgevind nie.

**Fasiliteite en voordele vir Lede** se onderbesteding is as gevolg van Lede wat nie hul volle toelaes geëis het nie.

**Parlementêre dienste** se onderbesteding bestaan uit vakatures, minder as verwagte besteding aan drukkerydienste, spyseniering en reise. Minder as verwagte besteding aan Hansard, vertalings en transkripsies.

**WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT**  
**BEGROTINGSPOS 2**  
**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE**  
**vir die jaar tot 31 Maart 2012**

Per ekonomiese klassifisering sien die onderbesteding soos volg daaruit:

Ekonomiese klassifisering	Finale begroting	Werklike besteding	Bedrag nie bestee nie
	R'000	R'000	R'000
<b>Lopende betalings</b>			
Vergoeding van werknemers	34 115	27 120	6 995
Goedere en dienste	23 396	19 619	3 777
Rente en huurgeld t.o.v. grond	1	1	0
<b>Oordragte en subsidies</b>			
Buitelandse regerings en internasionale organisasies	95	95	0
Instellings sonder winsbejag	27 430	27 430	0
Huishoudings	1 263	1 263	0
Geskenke en skenkings	13	11	2
<b>Betaling vir kapitaalbates</b>			
Masjinerie en toerusting	1 740	1 740	0
Programmatuur en ander ontasbare bates	642	446	196
<b>Betaling vir finansiële bates</b>	21	16	5
<b>Totaal</b>	<b>88 716</b>	<b>77 741</b>	<b>10 975</b>

Die onderbesteding t.o.v. **Vergoeding van werknemers** is as gevolg van die vertraging met die vul van 16 vakante poste.

**Goedere en dienste** se onderbesteding bestaan uit kleiner bedryfsbesteding (kantoortoerusting, kommunikasie, reise) weens die aantal vakante poste. Lede wat nie hul volle toelae benut het nie. Die elektroniese dokumentbestuurstelsel wat nie verkry en in werking gestel is nie, en die ophande opgradering van die webwerf. Die beplande vaardigheidsoudit wat op die lange baan geskuif is. Minder besteding aan Hansard, vertalings en transkripsies. Minder binne- en buitelandse reise. Minder besteding aan drukkerydienste.

**Masjinerie en toerusting** se onderbesteding bestaan uit minder besteding aan die oudiovisuele opgradering en die "e-filing"- en dokumentbestuurstelsel wat nie verkry is nie.

**Apparatuur en ontasbare bates** se onderbesteding t.o.v. die hernuwing van programmatuurlisensies is as gevolg van die laer rand-/dollar-wisselkoers.

Die onderbesteding sal proporsioneel oorgedra word, en in die Mediumtermyn-uitgaweraamwerkbegroting opnuut toegewys word, wat die WKPP onder meer in staat sal stel om dit teen 50% van die vergoedingstudie waartoe daar verbind is, in werking te stel.

**WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT**  
**BEGROTINGSPOS 2**  
**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE**  
**vir die jaar tot 31 Maart 2012**

## **2. Dienste wat die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement lewer**

2.1 Die belangrikste dienste wat die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement lewer, is soos volg:

- Hou 'n wetgewingsproses vol wat goeie en regverdige wette voortbring.
- Bied steun vir sterk toesig oor die Uitvoerende Gesag.
- Bied 'n instaatstellende omgewing sodat Lede doeltreffend kan wees.
- Doelmatige, doeltreffende en ekonomiese bestuur van hulpbronne.
- Verseker goeie bestuur.
- Doeltreffende en betekenisvolle openbare deelname, opvoeding en bewustheid.

Dit word hoofsaaklik gedoen deur:

- Wette te maak wat die behoeftes van die mense van die Wes-Kaap aanspreek.
- Doeltreffende toesig oor die Uitvoerende Gesag en Provinsiale uitvoerende staatsorgane te verseker, en hulle tot verantwoording te roep.
- Sy Lede te magtig en hulle tot verantwoording te roep om die mense van die Provinsie op die beste moontlike wyse te dien.
- Die verantwoordelike en koste-effektiewe benutting van hulpbronne om waarde vir geld te verseker.
- Die bevordering van samewerkende staatsbestuur met alle sfere.
- Die inburgering van goeie bestuur.
- Die kweek van gesonder interparlementêre verhoudings.
- Die bevordering van openbare toegang, opvoeding en betrokkenheid by sy werk.

Deur bogenoemde te steun, bied die Administrasie van die Provinsiale Parlement 'n instaatstellende omgewing vir Lede sodat hulle hul grondwetlike doelwitte kan bereik. Opsommend sluit die administratiewe dienste die volgende in:

- Proseduresteun vir voltallige sittings en Komitees;
- Bestuur (onder meer risikobestuur, monitering en beoordeling, asook korporatiewe regsbestuur);
- Navorsing;
- Kommunikasie en inligting;
- Hansard- en taaldienste;
- Menslike hulpbronne;
- Logistieke steun;
- Inligting- en kommunikasietegnologie;
- Fasiliteite en voordele vir Lede;
- Finansies en voorsieningskanaalbestuur; en
- Interne beheer.

## **2.2 Tariefbeleid**

Die verkoop van korporatiewe geskenke in die Parlementêre Boetiek word vasgestel op kosprys plus 'n prsyverhoging van 5%. Die maaltye wat op sittingsdae van die Provinsiale Parlement voorsien word, word aangebied teen 'n vooraf bepaalde tarief wat die Speaker goedkeur. Die tariewe vir ondergrondse parkering by die Wetgewergebou word deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke vasgestel.

**WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT**  
**BEGROTINGSPOS 2**  
**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE**  
**vir die jaar tot 31 Maart 2012**

### 2.3 Voorraad

Die totale voorraad ter hand teen die jaareinde word in die Aanhangsel oor Voorraad ingesluit.

### 3 Vermoëbeperking

Die WKPP kon in die boekjaar 2011/12 gelukkig die dienste van werknemers in sleutelposte kry. Bowenal is die vakante pos van Finansiële Hoofbeampte met ingang van 1 April 2011 gevul, en die pos van Sekretaris is (deur middel van 'n detasjering) met ingang van 1 Oktober 2011 gevul, en die pos van Bestuurder: Inligtingskommunikasietegnologie met ingang van 3 Januarie 2012. Die vakturekoers in die Komitee-afdeling is vir die meeste van die boekjaar 2011/12 aansienlik verminder.

### 4 Benutting van skenkersgeld

Skenkersbefondsing van die Europese Unie kragtens die Program vir Wetgewersektor-beleidsteun (PWSBS) is verkry om met die inwerkingstelling van die SA-wetgewersektor se mandaat vir 'n tydperk van vier jaar (2009-2013) te help. Die Suid-Afrikaanse Wetgewersektor (SAWS) het dit ten doel om deelnemende demokrasie te verbeter en Suid-Afrika se burgers in ooreenstemming met die Grondwet, wetgewing en die mandate van Parlementslede (LPs) en Lede van Provinsiale Wetgewers (LPWs) te dien.

Ooreenkomstig die vereistes van die Beleid oor die Deel van Inkomste moet aksieplanne met duidelike uitsette, prestasie-aanwysers, tydsraamwerke en begrotings aan die Steun-eenheid vir Wetgewersektorsteun voorgelê word ten opsigte van die volgende Sleutel-resultaatterreine wat die Speakersforum bepaal:

SRT 1: Verdieping en inburgering van mens-gesentreerde demokrasie in Suid-Afrika, m.a.w. inisiatiewe vir openbare opvoeding

SRT 2: Versterking van vermoë t.o.v. die regskeppende en toesigfunksies van die Wetgewers

SRT 3: Die bou van doelmatige en doeltreffende instellings-ingrypings

Die Provinsiale Parlement het sy aksieplanne voorgelê, en op 11 November 2011 'n betaling van R2 709 000 van die Suid-Afrikaanse Wetgewersektor ontvang. Omdat die befondsing laat ontvang is, kon die Provinsiale Parlement soos op 31 Maart 2012 net R43 360 bestee. Alle wetgewers het soortgelyke bestedingsdruk ervaar.

As gevolg van bogenoemde het die Speakersforum besluit om die bestedingtydperk vir sektorfondse vir 2011/12 uit te brei tot 'n tydperk wat op 31 Maart 2013 eindig.

Die Provinsiale Parlement moet 'n kwartaallikse vorderingsverslag indien oor die uitvoering van die aksieplanne wat aan die Program vir Wetgewersektorsteun voorgelê is. Die eerste verslag moet in die eerste kwartaal van die nuwe boekjaar ingedien word.

### Oordragbetalings aan politieke partye

Oordragbetalings ten opsigte van sekretariële en kiesafdelingsteun is gedoen aan die volgende politieke partye wat in die Provinsiale Parlement verteenwoordig word:

- Demokratiese Alliansie;
- African National Congress;
- Congress of the People;
- Onafhanklike Demokrate; en
- African Christian Democratic Party.

**WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT**  
**BEGROTINGSPOS 2**  
**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE**  
**vir die jaar tot 31 Maart 2012**

## **5 Reëlins vir korporatiewe bestuur**

Die Provinsiale Parlement ondersteun die beginsels van openlikheid, integriteit, verantwoordelikheid en toerekenbaarheid. Prosesse en praktyke wat aan regsvereistes en beste praktyk voldoen, word gedurig hersien om die ekonomiese, doelmatige en doeltreffende benutting van hulpbronne te verseker.

Risiko's word geminimaliseer deur te sorg dat gepaste stelsels bestaan, en dié word voorts aangevul deur gepaste beleid (met inbegrip van 'n plan vir die voorkoming van bedrog) en organisasiestrukture wat vir die verdeling van verantwoordelikhede voorsiening maak.

'n Stelsel van interne beheer bied 'n redelike kans dat die Provinsiale Parlement se transaksies behoorlik gemagtig en aangeteken sal word, en dat foute en onreëlmatighede betyds raakgesien en aangemeld sal word.

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement benut die gedeelde Ouditkomitee (Ouditkomitee vir Bestuur- en Administrasiegroep) en Interne Oudit. Die Ouditkomitee het gereeld vergader. Interne Oudit het 6 oudits beplan en 4 voltooi. Bestuur het kennis geneem, en sal die aanbevelings in werking stel.

'n Gedragskode vir personeel bied 'n raamwerk vir die personeel se etiese gedrag, wat 'n gees van billikheid, respek en etiese standaarde ten opsigte van wisselwerking met die Parlement se kliënte (Lede en die breë publiek) wil laat posvat om te sorg dat die organisasie se integriteit nie in die gedrang kom nie.

Die gesondheid en veiligheid van Lede, personeel en kontrakteurs is baie belangrik, en vir dié doel is daar 'n Komitee op Beroepsgesondheid en -veiligheid om die organisasie se risiko's en behoeftes aan te spreek. Die Provinsiale Parlement neem aktief aan soortgelyke strukture van die Wes-Kaapse Regering deel.

Die Sekretaris van die Provinsiale Parlement voer die werksaamhede van die rekenpligtige beampte uit. Dié werksaamhede sluit Artikel 36-45 van die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies in, maar is nie daartoe beperk nie.

## **6. Batebestuur**

Die Provinsiale Parlement wil sorg dat alle bates doeltreffend en doelmatig beheer, benut, beveilig en bestuur word.

Die bateregister word bygewerk, en alle toevoegings van kapitaal- en lopende bates kry 'n staafkode. Laasgenoemde help met maklike uitkenning, en dra tot maklike opsporing en naspeuring van die onderskeie bates in die register by. BAS-LOGIS-rekonsiliasies word maandeliks uitgevoer om te sorg dat alle toevoegings van bates in berekening gebring word.

'n Voorraadopname is in die boekjaar 2011/12 ooreenkomstig die Provinsiale Parlement se Jaarlikse Prestasieplan en Tesourie-opdragte uitgevoer.

## **7. Inligting oor vooraf bepaalde doelwitte**

Prestasie word deur middel van Maandelikse en Kwartaallikse Prestasieverslae aan die Rekenpligtige Beampte gemonitor.

**WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT  
BEGROTINGSPOS 2  
VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE  
vir die jaar tot 31 Maart 2012**

**8. SKOOR-besluite**

<b>Verwysing na vorige ouditverslag en SKOOR-besluite</b>	<b>Bevindings oor vordering</b>
Weens 'n gebrek aan leierskap in die IT-departement, veral t.o.v. die IT-plan, wat nie hersien en/of bygewerk is om aan die strategiese IT-plan te voldoen nie, sal vordering met die kwartaallike verslae teen 30 Junie 2012 na die Komitee gestuur word;	Die IT-bestuurder is met ingang van 3 Januarie aangestel. Daar was vordering met die strategiese IT-plan.
Die Loodskomitee vir IT, met die doel om 'n IT-raamwerk te skeep, moet teen 30 Junie 2012 geskep wees;	Die IT-loodskomitee is geskep.
Die IT-ontwerp en formele beheer, wat in die oorsigjaar nie bestaan het nie, moet teen 30 Junie 2012 bestaan;	Die IT-ontwerp en formele beheer is geskep.
Die Ouditkomitee was tevrede met die kwartaallike verslag oor prestasie-inligting; hy was egter nie tevrede met die inhoud van die verslag nie. 'n Plan moet teen 30 Junie 2012 geskep word om die Ouditkomitee te help;	Daar word gereeld oor prestasie-inligting aan die Ouditkomitee verslag gedoen. Geen kwellings oor die inligting is vanjaar geopper nie.
Weens die onbevredigende wyse waarop die onreëlmatige uitgawes asook die verkwistende en vrugtelose uitgawes behartig is, moet die Provinsiale Parlement ernstige stappe doen teen personelede wat by die onreëlmatige uitgawes betrokke was;	Die WKPP het gepaste stappe gedoen.
Die uitkoms van die Vergoedingstudie moet dringend teen 30 Junie 2012 in werking gestel word;	Die vergoedingstudie is met ingang van 1 April 2011 in werking gestel.
Die konsep van die Finansiële Bestuursverbeteringsplan moet voltooi en teen 30 Junie 2012 in werking gestel word;	Die konsep van die Finansiële Bestuursverbeteringsplan is voltooi en kwartaalliks aan die Gedeelde Ouditkomitee voorgelê.

**WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT**  
**BEGROTINGSPOS 2**  
**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE**  
**vir die jaar tot 31 Maart 2012**

Die Komitee het 'n gebrek aan bestuur rakende Risikobestuur raakgesien. Daar is gemeld dat die Risikobestuursbeleid aanvaar is, maar nie ingestel is nie. Die beleid moet dringend teen 30 Junie 2012 ingestel word; en	Risiko-beoordeling is in die oorsigtyd uitgevoer. In die jaar is daar besluit om die risikobestuursfunksie met ingang van 1 April 2012 aan die Wes-Kaapse Staats-risikobestuur uit te bestee.
Ondersoek moet ingestel word na die R30 000 wat tydens die ontslag van 'n werknemer bestee is. 'n Vorderingsverslag oor dié ondersoek word teen 30 Junie 2012 versoek.	'n Verslag sal teen 30 Junie 2012 voorgelê word.

**9. Vooraf-wysigings van ouditverslae**

Die Rekenpligtige beampte het die volgende meganismes ingestel om aangeleenthede wat die Ouditeur-Generaal in die Ouditverslag gemeld het, en wat in die Bestuursbrief van 2010-11 genoem is, aan te spreek:

<b>Aangeleentheid aangemeld</b>	<b>Bevindings oor vordering</b>
<i>Finansiële en prestasiebestuur</i> Bestuur het versuim om die bestaande beheermaatreëls te monitor en te hersien. Bestuur het ook versuim om doeltreffende bykomende maatreëls in te stel om verdragings met die voorlegging van fakture of state tussen die finansies-afdeling en ander afdelings in die WKPP te beperk.	Bestuur het Finansies-omsendbrief 1 van 2010 in werking gestel om individue/afdelings te ontmoedig deur van hulle te vereis om 'n verduideliking aan die Rekenpligtige Beampte te gee oor waarom hulle nie aan PPTD 8.2.3 voldoen nie. Dié prosedure het egter nie die gewenste uitwerking gehad nie.  'n Opvolg-omsendbrief is opgestel en sal uitgereik word, waarin enige opsetlike of nalatige versuim om aan die opvolg-opdrag gehoor te gee, as 'n daad van finansiële wangedrag beskou sal word. Die gepaste dissiplinêre stappe sal dan afgedwing word.
<i>Finansiële en prestasiebestuur</i> Beheermaatreëls soos maandelikse rekonsiliasies tussen BAS en LOGIS, kwartaallikse voorraadopname en die voorbereiding van tussentydse finansiële state het die verskille wat tydens die oudit opgemerk is, nie verhoed nie, en die voorsieningskanaalbestuurder het die skedule ter steun van die syfers in die finansiële state nie toereikend hersien nie. Finansies het die syfers toe sonder verdere hersiening aanvaar.	Beheermaatreëls is ingestel om te sorg dat byvoegings of aanpassings t.o.v. die bateregister aan die Finansiële Hoofbeampte gemeld word.

**WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT**  
**BEGROTINGSPOS 2**  
**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE**  
**vir die jaar tot 31 Maart 2012**

<p><i>Finansiële en prestasiebestuur</i>  Die WKPP het nie 'n belastingklaringertifikaat verkry soos die Voorkeur-verkrygingsregulasie 16 vereis nie, weens 'n breë gebrek aan begrip vir bogenoemde vereistes, asook die uitwerking en belangrikheid van die nie-voldoening daaraan. Die rede is dat die bestuur van die SKM die beheer daarvan nie gemonitor en hersien het nie.</p>	<p>'n Omsendbrief in dié verband is in die oorsigjaar versprei en in werking gestel.</p>
<p><i>Finansiële en prestasiebestuur</i>  Die menslikehulpbron (MH-) beampte wat die skedule voorberei het, het dit nie akkuraat gedoen nie. Die skedule is nie deur die MH-bestuurder nagegaan en bevestig nie, al het die MH-bestuurder geteken asof die skedule nagegaan en bevestig was. Verlofgeregtigheid word aangeteken in Excel-sigblaai wat nie eenders ontwerp is nie. Die berekening van verlofgeregtighede teen die jaareinde vereis manipulering van dié Excel-sigblaai, dus is die berekenings aan menslike foute onderhewig. Finansies het die syfers toe sonder verdere hersiening aanvaar.</p>	<p>Bestuur het gesorg dat 'n senior beampte inligting wat die MH-beamptes opgestel het, deurgaans voordat dit aan die MH-bestuurder vir aanvaarding gestuur is. Beter beheermaatreëls is ingestel.</p>
<p><b>INLIGTINGSTEGNOLOGIE-STELSELS</b></p> <p><b>Sekuriteitsbestuur</b></p> <p>Inligtingstegnologie-sekuriteitsbeleid is nie aangeteken nie</p> <p>Rolle en verantwoordelikhede vir inligtingsekuriteitsbeampte nie formeel gedelegeer nie</p> <p>Minimum-wagwoordlengte ontoereikend omskryf</p> <p>Uitsluitingsgrens ontoereikend omskryf</p> <p>Gebruikersrekening moet wagwoorde te verander nie</p> <p>Wagwoord-ingewikkeldheid nie afgeskakel nie</p>	<p>Inligtingstegnologie-sekuriteitsbeleid opgestel</p> <p>Aan die Bestuurder: Sekuriteit en Fasiliteite gedelegeer</p> <p>Die verandering van die wagwoordlengte en -ingewikkeldheid, soos vereis, is ingestel</p> <p>Uitsluitingsgrens omskryf as drie pogings, en ingestel</p> <p>Alle gebruikersrekenings gaan wagwoorde met gereelde tussenposes verander</p> <p>Die verandering in die lengte en ingewikkeldheid van die wagwoord, soos vereis, is ingestel</p>

**WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT**  
**BEGROTINGSPOS 2**  
**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE**  
**vir die jaar tot 31 Maart 2012**

<p>Sekuriteitsoudit-kenmerke afgeskakel</p> <p><b>Gebruikerstoegangsbeheer</b>          Gebruikersrekening-bestuursprosedures onverstaanbaar gedokumenteer</p> <p><b>Fasiliteite- en omgewingsbeheer</b>          Swakhede in fisieke toegang- en omgewingsbeheer</p> <p><b>Inligtingstegnologie-diensaaneenlopendheid</b>          Rampherstelplan nie aangeteken nie          Ontoereikende rugsteunproses</p> <p><b>Inligtingstegnologiebestuur</b>          Strategiese bestuur van Inligtingstegnologie ontoereikend gekoördineer          IT-risikobestuurraamwerk nie ontwikkel nie</p>	<p>Sekuriteitsoudit-kenmerke aangeskakel</p> <p>BAS en LOGIS toereikend, PERSAL hersien en gereeld gemonitor.</p> <p>'n Toegangsregister is vir die bedienerkamer ingestel. Toegangsbeheer d.m.v. 'n sleutel in die IKT-bestuurder se besit</p> <p>Rampherstelplan opgestel.          Netwerk opgegradeer om vir rugsteunproses voorsiening te maak</p> <p>IKT-loodskomitee geskep, en werk          Risikoregister vir IT bestaan, en opsie van uitbesteding van risiko-beoordeling word oorweeg.</p>
<p><i>Finansiële en prestasiebestuur</i>          Bestuur het versuim om te sorg dat daar toereikend aan die oortydbeleid gehou word, want menslike hulpbronne het oortyd-aansoekvorms aanvaar voordat die betrokke toesighouer/bestuurder dit as korrek gesertifiseer het. Die onafhanklike hersiening van die berekening van oortydbetaling is weens 'n menslike fout nie toereikend uitgevoer deur die HR-persoon wat die oortyd-aansoekvorms hersien het nie.</p>	<p>Bestuur het gesorg dat 'n senior beampte alle vorms vir volledigheid ondersoek voordat hulle vir betaling geprosesseer word.</p>
<p><i>Finansiële en prestasiebestuur</i>          Weens 'n gebrek aan deurlopendheid en stabiliteit is die teiken nie goed omskryf of aan 'n tydbeperking onderhewig gemaak nie, want verantwoordelikheid vir die uitvoering van die funksie van vooraf bepaalde doelwit-inligting is op verskeie tye in die oorsigtyd deur drie werknemers uitgevoer.</p>	<p>Die SMART-beginsels is tydens die strategiese beplanning opnuut gestel, en teikens is met SMART-beginsels as grondslag vasgestel.</p>

**WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT  
BEGROTINGSPOS 2  
VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE  
vir die jaar tot 31 Maart 2012**

**10. Vrystellings en afwykings van die Nasionale tesourie ontvang**

Kragtens artikel 79 van die WBOF het die Nasionale Tesourie 'n afwyking van die openbaarmaking van die amortisasietabelle finansieringshuurooreenkomsgewes ten opsigte van SG-voertuie soos ingevolge die Departementele Verslagdoeningsraamwerk-gids goedgekeur. Stappe word gedoen om volledige openbaarmaking van besteding aan SK-voertuie as finansieringshuurooreenkomste, met inbegrip van amortisasietabelle, vir die boekjaar 2012/13 te verseker.

